# VERBOND VADERS

Oordenking deur: **Gert du Plessis (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)**

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

Laat my toe om julle te bedien met die Woord wat die Here op my hart gelê het.

Ek dink ek verstaan nou vir die eerste keer die volgende Skrifgedeelte:

**Matthéüs 17:5 Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!**

Ek het in die vorige leringe van die volgende melding gemaak:

- 'n Vader dra (imparts) alles wat hy weet, sy kennis, sy hele wese, op sy seun oor.

**JOODSE TRADISIE**

- In die Joodse tradisie, het die vader sy seun op 'n sekere ouderdom, na die markplein geneem en 'n openbare verklaring gemaak wat sê: *dit is my geliefde seun in wie ek 'n welbehae het*.
- In hierdie openbare verklaring sê hy: alles wat ek is, alles wat ek weet, hiérdie persoon, hiérdie pa wat hier staan, neem volle verantwoordelikheid vir alles wat hierdie kind in die toekoms sal wees, sal doen, sal besluit en hoe hy sal reageer.
- Hiermee sê hy: *Ek het vertroue in my seun dat hy niks anders sal doen as dit wat ek hom geleer het nie. En as julle dink ek is 'n opregte mens, hy sal ook een wees. So alles wat julle in my sien, sal hy wees.*

## 1. JESUS SE TOETS

**Matthéüs 3:13** Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.
Matthéüs 3:16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.
Matthéüs 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.
Matthéüs 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.

Na hierdie proklamasie van die Vader, het die Gees vir Jesus uitgedryf na die woestyn toe, en is Hy getoets.

- Kom ons kyk hoe antwoord Jesus telkens die duiwel.

**Matthéüs 4:2** En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.

Matthéüs 4:3 En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.

Matthéüs 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Matthéüs 4:5 Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan

-o0o-

Matthéüs 4:6 en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.

Matthéüs 4:7 Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.

Matthéüs 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

Matthéüs 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.

Matthéüs 4:10 Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.

- Hy antwoord hom nie uit Sy eie krag nie - Sy antwoord kom alles uit die Woord - uit dít wat die Vader in Hom oorgedra het. Dit is waarom Hy staande kon bly. Die Here Jesus het nooit in die woestyn gebid dat die Vader Hom krag moet gee nie. Hy het op die Vader geleun, op dit wat die Vader in Hom oorgedra het. Hy het die toets geslaag, en die engele het gekom om Hom te versterk.

**Matthéüs 4:11** Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

## 2. KONSEP VAN GEESTELIKE VADERS EN MOEDERS

Daar is baie mense wat beweer dat dit nie nodig is om 'n geestelike vader of geestelike moeder te hê nie.

Wie is geestelike vaders en geestelike moeders?

- Dit is persone wat reeds deur die transformasie proses gegroei het en sodoende in 'n gesagsposisie staan.
- Vanuit hierdie posisie kan hulle funksioneer om saad te gee, wat dan moet groei en vrug voorbring.

Slegs 'n vader kan saad voorsien.
Daarom verstaan ek nou waarna Jesus verwys in **Johannes 12:24** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.
Hy sê: *Ek is die saad wat die Vader vir julle gegee het, sodat Ek weer 'n Vader vir julle kan word, en sodat julle op julle beurt weer vaders kan word. Ons word almal uit saad gebore, deur die Gees.*

- Dit is die Gees van God wat in die vaders en moeders is (want God gebruik mense, Hy is in 'n verbond met mense),
- En hulle is die draers van die Lewende Evangelie.
- Die evangelie lewe binne in geestelike vaders en moeders, en hierdie evangelie gee húlle dan weer saad, sodat lewe geskep kan word.
- Hierdie lewe moet opgroei en onderrig word, sodat daardie (geestelike) kinders op hulle beurt weer (geestelike) vaders kan word.

Dit is 'n fenomenale uitleg hierdie wat die Here aan my openbaar het. Die Here sê vir my dat almal vroegtydig vaders wil wees, maar nog nie daarvoor gereed is nie. Hulle moet eintlik nog kinders bly. Op die regte tyd sal die groeiproses plaasvind en dan sal hulle vaders word.

## 3. SAAI SAAD, DRA VEEL VRUG

Die Here sê egter:

- Hulle moet toelaat dat My Gees hulle help om geestelike vaders te word.

-o0o-

- Terwyl hulle nog kinders is, laat hulle nog kinders bly, want 'n kind kan nie saad gee nie. 'n Kind ontvang nog net die liefde, ontvang nog net die Woord, ontvang nog net die voedsel, en dit is die verbond.
- Ons moet altyd onthou dat jy nooit vrug saai nie, jy saai altyd saad.
- Die vrug in iemand se lewe, soos die vrug in Christus Jesus se lewe, verheerlik die Vader.

Die mense van Sy tyd was verstom oor Jesus se leringe, oor die vrug van Sy lewe, oor dit wat Hy was/is, want hulle het dit nog nooit gesien nie. Hulle was gewoond aan die godsdienstige sisteme, aan die Sanhedrin, en skielik kom die Seun van God (wat hulle geglo het Hy nié is nie), maar tog het iets in Hom hulle geraak. Dit is wat vir Nikodémus, 'n rabbi, geprikkel het. Hy sê: *Ons ken alles, maar hierdie dinge wat U doen, dít ken ons nie. Wie is U en van waar kom U? Hy sê U moet die Here wees*. (Johannes 3)

Die vrug van ons lewe moet die getuienis lewer dat ons anders is. Waar die vrug ontbreek, baat dit niks! Ek en jy maak allerhande proklamasies van hoe goed ons is, waar ons dien, of ons in die koor sing. Dit speel nie 'n rol nie. Dit het niks daarmee te doen nie!

Wat belangrik is:

- Hoe lewe ek hierdie lewe uit?
- Is dit 'n aangename vrug gedurigdeur tot verheerliking van Jesus?
- Begeer die mense rondom my daardie vrug wat ek uitleef?
- Of is dit soos ons dikwels hoor: 'as dit is hoe 'n kind van die Here moet wees, dan wil ek nie een wees nie'.
- Watter vrug dra ons? Die vrug wat ons dra, moet altyd tot verheerliking van die Vader wees.
- Dit is waarom Jesus soveel keer gesê het, *Ek het gekom om die Vader te verheerlik*.

**Johannes 12:49** Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.

Johannes 12:50 En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.

Lees gerus Johannes 12. Dit is waarom die Vader sê: 'luister na Hom'. Met ander woorde: D*it wat julle daar sien, is eintlik Ek. Die vrug wat Hy lewe is tot aangenaamheid van My, Hy verheerlik My.*

- Die saad verheerlik egter nie die Vader nie,
- Die saad van die vrug is daar om in mense se lewens in te saai.

Dit is die kennis wat hy saai in mense se lewens, daarom sê Hy: dis 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word. (1 Timótheüs 1:15)

## 4. DIE LOGOS EN RHEMA WOORD

Jy moet

- die Logos woord (the word of God) aanneem,
- maar die Logos woord moet egter lewend word in jou lewe,
- sodat die vrug van die Logos woord, 'n Rhema woord (personalised revelation) sal wees,
- en mense die Rhema woord in jou kan sien.
- ➢ Die Rhema woord verheerlik nie die mense nie, die Rhema woord verheerlik die Vader. Dit is die loon wat teruggaan - dit is die verbond.

Vir die eerste keer dink ek, ek verstaan nou hierdie hele beginsel baie goed. Dit is die Verbond waarmee ons besig is in Hebreërs. (Verwys Hebreërs lesings - Webblad)

-o0o-

- Die (geestelike) vader gee die saad, implementeer alles wat hy het in die seun (jong bekeerling).
- Die seun ontvang die saad, sit dit om in wysheid, met ander woorde, die saad groei op en dra vrug.
- Die vrug verheerlik die (geestelike) vader,
- maar die saad wat hy (sodra die kind vader word) weer saai, saai hy in iemand anders se lewe.
- Só bou ons die koninkryk van die hemele.

Ek sê weer, net ‘n vader kan saad gee. Daardie saad groei en so implementeer hy dan alles wat in hom is, na die volgende persoon toe. Daardie volgende persoon neem al daardie kennis in, plus dit wat hy opbou in sy lewe, en hy implementeer dit weer in die volgende (geestelike) geslag. So bou ons die koninkryk van die hemele deur getuienisse, psalms, gesange.

Mense laat toe dat die Here bietjie met julle deel oor hierdie gedagte.
Jesus sê ‘*Ek het gekom om die Vader te verheerlik, om die wil van die Vader te doen, Ek doen niks wat die Vader nie vir my sê nie’*.

## 5. SONDE IS ‘N STRUIKELBLOK

Ek verstaan nou al hierdie Skrifte; ek verstaan nou Jesus Christus se lewe soveel beter.
- Dit is presies hoe dit moet funksioneer.
- Hy kan niks anders doen as dit wat die Vader in Hom geïmplementeer het nie.
- Hy stel nie belang om enigiets anders te doen behalwe dit wat die Vader in Hom geïmplementeer het nie.

Dus kan sonde nie deel van ons lewe wees nie, want dan het jy ‘n ander vader. Jy kan nie 2 here dien nie. Sonde kan nie meer ‘n stryd in jou lewe wees nie, anders staan jy <u>nie</u> onder die wil, gesag en leiding van die Heilige Gees nie.

Ek hoop ek het julle vanmôre geseën met hierdie gedagte. Dit het my geseën!

Daarom is dit belangrik dat ons geestelike vaders en geestelike moeders moet hê!
- Iemand wat in ons lewens saad kan saai, wat kan opgroei tot vrug.
- Iemand wat vir ons spyse kan gee, soos ‘n pa kos voorsien vir sy huis - dit is dieselfde beginsel.

Diegene van julle wie nog nie geestelike vaders en moeders het nie, wil ek aanraai om die Here te vra om vir julle geestelike vaders en moeders te gee. Verbind julle met geestelike vaders en moeders wat vir julle kan leer om hierdie pad reg te loop.

Hulle is nodig om in julle te implementeer (oor te dra) dit wat hulle het, want waarop sal ons bou? Dit is die voorsiening van die brood. Dit is waarom Jesus gesê het ‘*dit is My liggaam, Ek gee dit vir julle. Vat hierdie hele liggaam, neem aan alles wat Ek het, Ek gee My hele wese vir julle, neem dit aan en bou daarop voort. Want julle kom uit My liggaam voort, Ek gee die saad, julle ontvang dit’*.

Ek verstaan ook nou die konsep dat ons eintlik ‘n dooie eiersel is, soos die eiersel wat deur die eierstokke afgeskei word en in ‘n vrou se baarmoeder lê. Ons is niks, bestem tot die ewige dood, maar net Sy saad kan van ons lewende wesens maak. Mag die Gees van God dit aan jou openbaar en miskien nog meer.

## 6. VERHEERLIK VADER

Ek wil graag die volgende byvoeg. As julle hierdie hele konsep verstaan dan wil ek hê julle moet weer Johannes 17 gaan lees. Wanneer ons hierdie openbaring het van wat die Here vir ons gegee het, dan kan

-o0o-

ons miskien vir die eerste keer Johannes 17 verstaan. Jesus se gebed vir Sy dissipels, hoé Hy gebid het en hoekom Hy só gebid het. Die Woord sê ons moet altyd lieflike reukoffers wees voor die aangesig van die Vader. Ons vrug moet Hom altyd verheerlik.

Dit is presies wat Jesus kom doen het. Hy het altyd die wil van die Vader gedoen en daardeur het Hy die Vader verheerlik. Maar Hy het nog nie Sy loon ontvang nie. Hy het Sy loon ontvang eers **nadat** Sy werk voltooi was. Ons moet dit dus mooi verstaan: dit wat ek en jy ontvang het hier op die aarde, is daar om die wil van die Vader te doen.

**Hebreërs 13:20** Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

Hebreërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

- Ons is nie daar om onsself te verheerlik of te verryk met dit wat ons ontvang het.
- Ons is daar om te funksioneer met dit wat aan ons toevertrou is.
- Ons moet die koninkryk bou met ons geld, ons tyd, ons alles.
- Ons lewe moet daar wees tot opbouing van die koninkryk, as ons dit nie doen nie dan bou ons Babel.

Wanneer ons dit klaar gedoen het, en ons staan voor Hom dan sal Hy vir ons sê:
**Matthéüs 25:21** En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Dán sal jy jou heerskappy, jou loon ontvang. Die mens het ‘n neiging om meer en meer te wil hê en dit is wat oordeel op ons gaan bring. In plaas daarvan dat ek sê dit wat ek ontvang het is ‘n middel tot ‘n doel. Ek het dalk die 5 talente gekry, dit gaan alles daaroor om die koninkryk te bou, om die wil van die Vader te doen. Dit is saad wat in my lewe gesaai is wat moet vrug dra. Al die gawes, geld, tyd alles moet vrug dra. Maar wat doen ek daarmee? Verheerlik ek regtig die Vader sodat Hy my eendag kan verheerlik, soos Jesus sê in Johannes 17:

**Johannes 17:1** Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—

Johannes 17:4 Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.

Johannes 17:5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Dit wat ek ontvang het is daar om altyd mee te bou.

Kom ons begin om dinge reg te doen, en ons staak om ons eie koninkryke te bou.

Laat ons begin om dit te doen wat God wil hê ons moet doen met dit wat Hy ons gegee het, dit was in elk geval nog nooit ons s’n nie.

- Ons moet dit vir Hom teruggee maar in ‘n ander vorm. Hy het ons saad gegee, ons moet Hom vrug gee. Sodat ons ook eendag kan hoor:

  **Matthéüs 25:21** En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

    - **En nie**

  Matthéüs 25:26 Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.

  Matthéüs 25:27 Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan

my behoort, met rente ontvang het.

Matthéüs 25:28 Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;

Matthéüs 25:29 want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

Matthéüs 25:30 En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.

.......... En sodoende die ewigheid mis!

Laat toe dat die Gees van God julle self oortuig.

Die Here seën julle.

Mag dit met julle goed gaan.

-o0o-

**1 Timótheüs 1:15** Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.

**Johannes 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

**Johannes 5:30** Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

### Logos vs Rhema Word

In Christianity, Logos is the eternal, objective Word of God—the Bible itself—and represents God's divine reason, while Rhema is a specific, subjective, or spoken word from God, personally applied to an individual's heart. The relationship is often described as the entire communication (Logos) containing specific utterances (Rhema) that are personally applied and understood.

Logos is the objective, written Word of God, like a comprehensive map or the entire body of Scripture, while Rhema is the subjective, personal revelation or spoken word of God that applies directly to a specific situation or person. Logos provides foundational, general knowledge about God, whereas Rhema is the Spirit-inspired, personally applied word that brings faith, direction, and power.

-o0o-